Woensdag 21 September
Skrifgedeelte: 1 Tessalonisense 5:1-11
Fokusgedeelte: 1 Tessalonisense 5:3-6 (AFR83/20)

Bestem vir verlossing

Die boodskap van 1 Tessalonisense 5:1-11 kan in drie trooswoorde saamgevat word: *Bestem vir verlossing*. As jy Jesus Christus ken as die enigste Weg en Waarheid, Hom alleen in die geloof omhels as Saligmaker, hét jy die lewe!

Nou die belangrike vraag: Is jy gereed vir die eindtyd? Is jy gereed om God vandag te ontmoet? Paulus gee die antwoord in ons teks: *Jou identiteit bepaal jou eindbestemming.* Daarom moet ek vra: Wie is jy? Paulus verwys na mense van die lig en mense van die duisternis; mense van die dag en mense van die nag; aan die slaap of wakker; nugter of buite beheer; bestem vir die straf of bestem vir verlossing. Waar staan jy?

Christus kom! Dit is amper middernag! Is jy gereed? Daar is geen verskonings om nie gereed te wees nie. Hoe laat is dit? Dit was nog nooit so laat nie. Daarom, word wakker, jy wat slaap! Word nugter, jy wat nie gereed is nie! Trek aan die borsharnas van geloof en liefde, sit op die helm van verlossing! Dit is tyd om ernstig te raak oor jou geloof, jou verhouding met God, jou liefde vir God, jou lidmaat-wees van sy kerk, jou verlossing in Christus, jou plek in sy Koninkryk.

Kyk om jou en sien dit raak in die tekens van die tye. Die nag is amper verby, die nuwe dag is aan die breek, die helderblink Môrester skitter reeds op die horison. Koning Christus is op pad. Antwoord net hierdie vraag: Hoe laat is dit en is jy gereed?

Sing: Skrifberyming 69:1, 2 (7-2)

Ds. CJ Nagel (Innes) (Louis Trichardt)